# Die evangelie volgens

# MARKUS




Die deur na
DIE LEWE
MARKUS 8:34-9:1


Op die berg saam
MET GOD
MARKUS 9:2-13

15 Terwyl Moses die berg uitklim, het 'n wolk dit
omhul. 16 Die magtige teenwoordigheid van
die Here het op Sinaiberg gebly, en ses dae
het die wolk die berg omhul. Op die sewende
dag het die Here uit die wolk uit na Moses
geroep. 17 Die magtige teenwoordigheid van
die Here het vir die Israeliete gelyk soos 'n
gloeiende vuur op die berg.

EKSODUS 24:15-17

2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus
en Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë
berg gebring waar hulle heeltemal alleen was.
Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander,
3 en sy klere het blink geword, spierwit soos
niemand op aarde dit kan maak nie. 4 Elia en
Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus
gestaan en praat.

MARKUS 9:2-13

5 Toe sê Petrus vir Jesus: "Rabbi, dit is goed
dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een
vir U, een vir Moses en een vir Elia."
6 Hy het nie geweet wat hy sê nie, so verskrik
was hy saam met die ander.

MARKUS 9:2-13

7 Daar het toe 'n wolk gekom wat sy
skaduwee oor hulle laat val het; en uit die
wolk het daar 'n stem gekom: “Dit is my
geliefde Seun. Luister na Hom.”
8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle
niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.

MARKUS 9:2-13

[9]Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.
[10]Hulle het hulle toe aan hierdie opdrag gehou, maar onder mekaar geredeneer oor wat dit beteken as Hy sê dat die Seun van die mens uit die dood sal opstaan.

MARKUS 9:2-13

11 Hulle vra Hom toe: "Waarom sê die
skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?"
12 "Elia kom wel eers om alles weer reg te maak,"
antwoord Hy hulle. "En hoe staan daar ook oor
die Seun van die mens geskrywe? Hy moet baie
ly en verag word. 13 Maar Ek sê vir julle: Elia het
reeds gekom, en die mense het met hom
gemaak wat hulle wou, net soos daar oor hom
geskrywe staan."

MARKUS 9:2-13


Op die berg saam
MET GOD
MARKUS 9:2-13